GAVIN MEISTRE - PROFIEL

Ek is in Port Elizabeth gebore en het daar grootgeword as die jongste van vyf kinders. Ek het daar skoolgegaan en my eerste treë begin neem op Universiteit. In 1974 het ek ook geloofsekerheid daar gekry. 'n Besondere roepingservaring in 1975 het daartoe gelei dat ek my kursus verander het na teologie. Daarvandaan is ek Pretoria toe om my teologiese studies af te rond. In Harmonie gemeente ontmoet ek my vrou, Elfriede, waar ons saam met baie jongmense deel was van 'n dinamiese jeugaksie in die Middestad. Vandaar het ek in verskeie gemeentes as voltydse leraar gedien. Sedert 2007 is dit Garsfontein gemeente in Pretoria. Ons het twee dogters, Charise (wat met Cobus Smit getroud is), en Lenke. Twee kleinkinders, Chazé en Yuzelle, is hul oupa en ouma se trots. Die Here het vir my nog altyd gegee waaroor ek (soms stilweg) gedroom het: 'n gelukkige huwelik en 'n geseënde gesinslewe met ons kinders en kleinkinders, goeie gesondheid, 'n geseënde bediening waarin ek en Elfriede gestreef het om in elke plek 'n verskil te maak, 'n beskeie bydrae tot die Liedboek, Graad 7 eksamen in pyporrel , 'n doktorsgraad in teologie, 'n lang verblyf in die buiteland om geestelike herder vir Suid-Afrikaners in die Verenigde Koninkryk te wees, om my kleinkinders tans te kan geniet – en met ons terugkeer na SA - om deel te wees van die Lewensverrykingspan. Die Here is vir ons voorwaar baie goed!

MY GELOOFSVERKLARING

Die volgende is my kernwaardes:

- Die gesag van God se Woord oor my lewe is ononderhandelbaar. Daarin vind ek die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6). Dit is vir my die riglyn vir elke faset van my lewe.
- Ek wil graag in alles wat ek is, doen en sê, vir God in die sentrum plaas.
- Ek glo dat God sy kerkfamilie hier op aarde geplaas het om sy missie van liefde hier uit te voer, daarom is dit belangrik dat elke Christen hom/haar by 'n plaaslike gemeente moet tuismaak en inskakel om as lewende en betrokke lidmaat 'n sinvolle bydrae te lewer.

MY LEWENSDOEL EN MISSIE

Ek wil graag die omvangryke liefde van Jesus - soos uitgespel in Gal 5:22 - prakties LEEF teenoor die mense rondom my – deur die unieke aard, persoonlikheid en gawes wat God aan my gegee het, met die tyd en liggaamskragte wat Hy tot my beskikking gestel het . Daar is net een persoon wat die unieke Jesus-bydrae kan lewer wat ek kan lewer – en dis Gavin. Deur hierdie bydrae wil ek dag vir dag besig wees om my lof en dank aan Hom te betuig vir sy onverdiende genade teenoor my. Ek wil ander seën met die seën wat God daagliks in my lewe uitstort. Ek wil mense inspireer om volgelinge van Jesus te wees deur sy vriendelikheid, genade en omgeehart aan hulle te toon – net soos wat Hy sy liefde vir my kom wys het aan die kruis.

Dis vir my heerlik om by Lewensverryking betrokke te wees omdat ek ook daar geleentheid kry om bogenoemde doel te realiseer. Dis vir my wonderlik om te sien hoe die Heilige Gees mense se lewens verander – hoe hulle met vreugde en dankbaarheid teruggaan huis toe – volkome getransformeer deur die krag van God. Dis vir my ‘n geleentheid om ook daar God se unieke mens te wees. Mag die Here ons saam as ‘n span nog meer oorvloedig seën om nog groter geestelike hoogtes saam met Hom te beleef!